

Hoërskool Eldoraigyne



1974-1977

HOËRSKOOOL ELDORAIGNE



Ons naam: Simbool van strewe:

Die Hoërskool Eldoraigne.

In wil en werk en lewe

Sal trots jou ster verskyn,

Ons het 'n taak

Ons sal bly waak

Oor groot en ook oor klein.

Ons bou tesaam ons skool se naam:

Die Hoërskool Eldoraigne.

KOOR:

Suiderkruis blink oor dale:

Teken van ewige pand.

Vlam van ons ideale,

Vlam oor die groen van ons land —

Ons hoërskool Eldoraigne,

Jou leuse sal oor ons skyn:

Ons sal ons roeping vervul,

Ons sal ons roeping vervul!

Die silwer van die lewe

Word skoner meer en meer

Deur vaste roepingsstrewe,

Deur arbeid nuut polleer.

Behou en bou


Dan bly ons trou

Deur liefde en deur werk.

God sal getrou ons hande hou;

Met Hom is ons so sterk —

*Hierdie blad word met erkentlikheid
opgedra aan mnr. R. G. Visagie,
eerste hoof van ons skool*



D

it is met groot genoë dat ek aan die versoek van die redaksie voldoen om 'n inleidende woord vir ons skool se eerste jaarblad te skryf. Terselfdertyd my hartlike dank vir die eer my aangedoen.

By so 'n mylpaalgeleentheid kan jy nie anders as om die veelbewoë begindae in herinnering te roep nie: daardie dae toe 14 baanbrekerpersoneellede en 223 leerlinge tussen die modder en bouersrommel en teen die agtergrondgerammel van hyskrane en betonmengers hulle dagtaak moes verrig; dié keer toe ons amper 'n ontydige vakansie gekry het omdat die terrein weens die baie reën geheel en al onbegaanbaar vir voertuie geword het en toe voetgangers slegs met lewensgevaar by die skool kon kom. Dit is deur daardie saamsukkel en saamontbeer, toe personeel en leerlinge mekaar leer waardeer het, dat die fondamente vir die mooi gees van idealisme en samewerking gelê is.

Talle "eerstes" kom in die herinnering op: die eerste Interhuis-atletiekbyeenkoms, die eerste deelname aan 'n atletiekbondbyeenkoms, die eerste wedstryd waaraan ons rugby-, hokkie- en netbalspanne deelgeneem het. Hoe goed onthou ek die trots en vreugde by personeel en leerlinge toe ons onder 16-netbalspan Transvaalse kampioene geword het, terwyl daar nog nie eers sportvelde by die skool was nie!

Soos ek hier sit en skryf, is ons eerste matriekklas van 75 leerlinge besig met hulle rekordeksamen, die eerste tree tot 'n verdere mylpaal wat hulle aan die einde van die jaar in die skool se annale sal skryf.



Met die terugkyk kan die verlede na waarde geskat word. Die grootse bouwerk wat reeds verrig is, die beslag wat gegee is deur die aanvaarding van die skoolwapen en -leuse, die ingebruikneming van die skooldrag en skoollied bring die besef dat die teelaarde vir 'n mooi toekoms goed voorberei is.

Dit het gemeenplaas geword om te sê dat ons 'n moeilike toekoms tegemoet gaan. In die wete dat die fondament stewig gelê is, kan ons egter die toekomstaak teen die agtergrond van hierdie stelling formuleer.

Dit is my innige wens dat ons by 'n terugblik iewers uit die verre toekoms manne en vroue sal sien wat, weens hulle vorming by Hoërskool Eldoraigne, met lewenskragtigheid waak oor en uitbou aan die kosbare kleinode wat die hoekstene van ons volkwees vorm, manne en vroue wat met onkreukbare idealisme, vaste geloof, vurige hoop en rein liefde hulle roeping vervul.

1974

7 JANUARIE 1974



In hierdie gebou, wat binne ses weke voltooi is, is die eerste personeelvergadering op 7 Januarie 1974 gehou.

9 JANUARIE 1974



Die personeel het bestaan uit:
Voor: mev. L. Venter, mnr. S.A.J. Venter, mev. E.M. Crowther, mnr. R.G. Visagie, mev. A.R. Bothma, mnr. H.B. Klopper, mev. A.D. Coetzee.
Agter: mnr. J.P. Booysse, mev. M. Raats, mej. C.M. van Tonder, mev. U.D. Venter, mev. A. le Roux, mev. C. Malan, mev. M. Boshoff (tikster-klerk), mnr. G.S. Gouws.



9 Januarie 1974 — 223 leerlinge in hulle bonte verskeidenheid tree vir die eerste keer tussen bourommel aan.

Die leerlinge beweeg onder toesig van die onderwysers, "saal" toe.



Mr. Klopper maak seker dat niemand oor die baksteen val nie.






Leerlinge sit plat op die vloer in die halfvoltooide biblioteek wat as saal moes dien.



Ds. C. van den Berg neem die eerste opening waar n.a.v. Ps. 121.





Mev. M. Visagie, mnr. J. Geddes (kringsinspekteur), die hoof, mev. E. Crowther en mnr. S. Venter luister aandagtig na die boodskap.



Meneer die Assistent-Direkteur ... die hoof is aan die woord.



Mev. Davin, mnr. Davin (Assistent-Direkteur) en mev. Visagie sit op leerlingstoeltjies in die voorste ry.



Mnr. R.F. Crowther, voorsitter van die aksiekomitee, dra die goeie wense van die ouers oor.

DIE BESOEKERSBOEK WORD GETEKEN DEUR:



Mr. Davin.



Mr. Geddes




Ds. Van den Berg.

DIE EERSTE DAG BY DIE HOËRSKOOLOLDORAIGNE.

1974 — 'n Geskiedkundige jaar. Dit was die begin van nog 'n nuwe skooljaar. Dit was ook die nie-amptelike opening van 'n nuwe hoërskool. Ai, en wát 'n opening! Die hele skoolterrein het gewemel van werkers, bouers en groot, raserige masjinerie. Slegs hier en daar kon 'n mens 'n verdwaalde skoolkind uitken.

Verdwaalde is die regte woord. Ons het gevoel soos verdwaalde, leierlose skape wat ter slagting gelei word. 'n Kunstenaar het ook nog al sy kunssinnigheid uitgeleef — hier was 'n rooi rok, daar 'n groen baadjie, oorkant 'n blou strikkie ... Ons wás 'n bonte mengelmoes van kleure. Almal was vreemd vir mekaar, behalwe die paar laerskoolvriende wat mekaar hier en daar ontdrek het. Om die vreemdheid te bekroon, het die besige bouers gelyk asof hulle vonnisse van harde-arbeid uitdien. Daarby was die mure van die onvoltooide geboue ook nog 'n onmiskenbare grys kleur ...

'n Mens kon die "lieflike" tuine net nie miskyk nie. Die pragtigste blomme met die heerlikste geure het sommer wild gegroei — wulwende grashalms en welriekende kakiebos. De rugbyveld was 'n



Om tienuur dieselfde oggend vind die eerste klaswisseling plaas en begin die rooster funksioneer.

fees vir die oog. (Altans dit wat later een sou word.) Dit was bedek met die sagste groenste gras denkbaar — duwweeltjies, duiwelsklou en ander bossies. Die res van die terrein was bedek met die mooiste rooi tapyt. Die geringste windjie kon 'n fyn, deursig-

tige rooi sluier oor die wêreld span ...
Uiteindelik het iemand uitgekom en 'n outydse handklok begin lui. Ek het koud geword toe ek daarna luister. Op hierdie oomblik is geskiedenis gemaak en die geboorte van 'n nuwe skool is aangekondig.

Die gelui het y! geklink bo die geraas van die swaar masjinerie.
In die begin het niemand geweet waarheen om te gaan nie, maar uiteindelik was ons almal saam vergader in wat later die biblioteek sou word. Die 223 leerlinge het op die gemaklikste stoele denkbaar gesit — kruisbeen, plat op die vloer. Die arme leerkragte en talle ergaste moes op klaskamerstoele sit.

Mnr. Visagie was bereid om met die lawaai buite te kompeteer, so lank die skool net klaar gebou kon word, maar een van die onderwysers het besluit at dit nie sou werk nie en het uitgegaan om die bouers stil te maak. Daarna kon ons hoor wat ons nuwe hoof sê.

Na die opening is ons in klasse ingedeel, en ons moes na verskeie halfvoltooide klaskamers gaan. Ons het die hele dag gekonsentreer op wat die onderwysers en onderwyseresse probeer sê, want die gewoel en gewerskaf buite, het ons natuurlik glad nie geïnteresseer nie.

Om twee-uur het meneer Kloppe die klokke weer geskud. Dié keer het almal dit goed gehoor. 'n Julende menigte het deur die klaskamerdeure gestorm. Die eerste skooldag was verby ...

Anneliese de la Porte.

INTUSSEN WORD DAAR NAARSTIG GEWERK...

Die gebou sou egter, weens talle probleme eers teen die einde van 1975 voltooi word.




Die houtwerksentrum in aanbou met die biblioteekblok in die agtergrond.

ADMINISTRATIEWE BLOK




Die begin van die administratiewe blok met Swartkop in die agtergrond.




Die administratiewe blok met die personeelkamer se venters links bo.




Die hoof en mev. R. Boshoff inspekteer die bouwerk.




Die saal.



Die fundamente van die gimnastieksaal word gelê, terwyl die atlete in die agtergrond op die "atletiekbaan" oefen.



Mev. R. Boshoff, die skool se eerste sekretaresse, in haar "kantoor". Hierdie klaskamer was tegelykertyd ook personeelkamer en siekekamer. Die hoof se kantoor was die wapenkamer, waar hy veilig was agter 'n kluisdeur.




Op 5 Maart 1974 neem die skool se atletiekspan op Pilditch deel aan die Interhoër-atletiekbyeenkoms ... in volle en gefinaliseerde skool-atletiekdrag.

1975



Mr Visagie sit self hand by om betonpadjies te maak.

Die eerste prefekte is in Januarie 1975 ingehuldig.



(Meisies) B. Katze, A. van der Walt, M. Nel, E. Weibach (hoofmeisie), L. Baartman (onder-hoofmeisie), L. Rabie, M. Muller, R. van der Merwe.



In 1975 is daar begin om die terrein gelyk te maak.



(Seuns) C. van Smaalen, G. Richter, J. du Toit, C. Nieuwoudt (hoofseun), P. van Zyl (onder-hoofseun), H. Badenhorst, J. de Wet, D. Boshoff.



Die onder 16-netbalspan wat in 1975 die Transvaalse kampioene was. Dit was 'n besondere prestasie omdat daar nog geen netbalbane was nie.

Voor: L. Carrack, mnr. R.G. Visale, A. van der Walt (kapteine), mev. B. Holtzhusen (afrigster), C. van Smaalen.

Agter: R. van der Merwe, L. Rabie, F. van der Walt, M. Nel, B. Katzke.

KLEIN BEGIN ... GROEI STEEDS ...

"En die hele vergadering van die kinders van Israel het teen Moses en teen Aäron in die woestyn gemurmureer."

Die kinders van Eldoraigane kan simpatie met hierdie geslag van die kinders van Israel hê. Hulle het in die woestyn skoolgegaan, maar liewers net by die huis gemurmureer, want die onderwysers het niks beter as hulle daarvan afgekrom nie. As Augustusse stofstorms op ons losbars, was almal ten minste een keer per dag hare en as die honger te erg word, eet jy maar jou toebroodjie so met sand en al op. En die moeders van ons volk wil

weet: "Hoekom kan ons kinders nie maar bruin sokkies en skoene vir skooldrag hê nie?"

Ag, en was ons grootste hartewens nie 'n atletiekbaan nie, of dalk 'n rugbyveld, een sonder ospolle en kakiebos en miskien met pale ook. Maar ons was darem nie heeltemal sonder sportgeriewe nie. In die reëntyd kon ons kies of ons van die een klas na die ander wou swem of skaats, dit is, as jy nie omgee om 'n bietjie vuil te word nie. Beide keuses het natuurlik nogal probleme gegee as jy jou tas wil saamvat, maar wat sal dit ons nou pla?

Die vooruitgang het egter nie uitgebly nie. Die T.O.D. stuur allerhande masjinerie vir omdolwe en

gate grawe om op ons toe te sak. Nader aan voor die skepping kon dit seker nie kom nie, maar weldra het die sportvelde begin vorm aanneem en ons kon begin gras plant. Hulle bou boonop nog vir ons 'n pad, lê dit met stene uit en daar is geen sprake meer van 'n gesukkel om by die skool uit te kom nie. Die pad na die kennis is gebaan!

Die onderwysers kry alle moontlike hulpmiddels om die saad van kennis in ons te plant sodat dit goed kan groei. Iets moet tog wortel skiet.

Vandag het ons alles wat nodig is vir die toekoms: 'n mooi skoolgebou, sportvelde, en boeke — niks ontbreek dus meer nie!

Amelia Gerber.

1976

DIE AMPTELIKE INWYDING VAN DIE SKOOL OP 29 OKTOBER 1976



Die Direkteur van Onderwys, prof. J.H. Jooste, word deur die onder-hoof-meisie, Alma van der Walt, verwelkom.



Mnr. J. Joel, die argitek van die skool, oortandig die sleutel aan mev. Jooste.



Mev. Jooste word deur mnr. Visagie welkom geheet, terwyl mev. Visagie toekyk.



Mev. Jooste sluit die deur van die skool oop.

Hoërskool Eldoraigne is amptelik deur die Direkteur van Onderwys, prof. J.H. Jooste, geopen op 29 Oktober 1976.

Bykans 1 000 gaste het die plegtigheid bygewoon waartydens mev. Jooste die deur van die skool oopgesluit het en die gaste onthaal is op 'n dinee.

Die skoolkoor het opgetree, en die komponis van die skoollied, Rudi Neitz, het ook opgetree.



Kol. H. Botha, voorsitter van die beheerraad, aan die woord.



Sommige van die bykans 1 000 gaste.





Kolonel Botha steek die eerste lapelwapen vir die hoof aan.




Prof. Jooste onthul die gedenkplaat in die saal.




Mnr. Geddes, die kringinspekteur, aan die woord.



Die inwydingsrede word deur prof. Jooste gelewer.



Die skoolkoor tree op o.l.v. mev. Leoné van der Merwe.



Die serenade-groep saam met mnr. Ben Steyn en mev. Van der Merwe.



Mnr. Rudi Neitz, komponis en skrywer van die skoollied, oorhandig die bladmusiek aan die hoof.



Mev. Jooste ontvang 'n silwer sleutel van George Richter en Alma van der Walt.




Prof. en mev. Jooste in gesellige luim. Die straat-lamp, wat in die houtwerksentrum vervaardig is, is 'n geskenk van die skool.



Mnr. Visagie is laaste aan die woord, terwyl mnr. Strachan wat as seremonie-meester opgetree het, toekyk.

1976

Daar was verskeie toergroepe, waaronder twee st. 8-groepe wat in 1976 onderskeidelik veldskole bygewoon het in Schoemansdal in Noord-Transvaal en Amsterdam in Oos-Transvaal.



Op pad na Schoemansdal



Daar is baie staptogte onderneem



Met swaargelaide rugsakke verlaat die seuns die kamp




Mnr. Gouws en die seuns kom na ure se klim bo-op die berg aan

DIE JEUGVELDSKOOI TE SCHOEMANSDAL

Dit is nie vir almal beskore om in die middel van 'n termyn vir 'n week "vakansie" na die Soutpansberg te gaan nie, altdans so het ons standerd 8-seuns gedink toe ons verlede jaar hier by die skool weg is. Ons het egter bier gou ons fout agtergekom, nie dat die veldskool 'n straf was nie, maar 'n vakansie was dit definitief nie.

'n Goeie plek om te begin, is sekerlik by die innerlike versterking. Soos oom Laatie (hy was ons instrukteur terwyl ons daar was en buiten oom André en oom Johan al permanente personeelid van die veldskool) sekerlik sou sê: "Die 'nonsens' kan maar laat staan word." Ons sou egter baie duidelik van hom verskil het en het elke ete heerlik geëet. Die kwaliteit van die kos was goed, al kan dieselfde nou miskien nie van die kwantiteit gesê word nie. Een van die dinge i.v.m. kos wat ons daar geleer het, was dat botter heeltemal oorbodig en boonop ongesond is, ongelukkig het die veldskool se kokke dit vir ons uitgevind.

Vir die fisiese sy van ons lewens is daar ook deeglik gesorg. 'n Berg in die nabynheid van 'n veldskool is seker die mees ideale L.O.-apparaat wat jy kan kry en ons het toe ook die arme Soutpansberg



Uitspan tydens die bergklim-ekspedisie

ten volle benut. As ons nie deeglik verduaal het nie, het ons met 'n rugsak oor die klippe gestrompel en ons koppe teen laaghangende takke gestamp, (om van doringe nie te praat nie) terwyl ons die natuur bewonder het. Gelukkig was die natuur pragtig.

Nagmars is 'n heerlike avontuur en om met die maan as lig te probeer kompaslees, is seker nog 'n groter uitdaging. Nog iets wat

ons daar uitgevind het, was hoe doringbome kan rondspring as dit donker is. 'n Mens kan dit glad nie sien totdat jy voel jy loop daarin vas nie en selfs dan sien jy dit nog nie.

Al is die Soutpansberg miskien as bed 'n bietjie hoog en hard slaap hy heerlik as jy die aand baie moeg is. So het ons klomp seuns dit ondervind toe ons twee nagte daar geslaap het in Koedoekamp.

Gelukkig het nie een van ons iets oorgekom van die son, terwyl ons op die berg was nie, al was ons so naby daaraan. Ons het selfs een ete uitgeëet terwyl ons op die berg was, ek dink die ingeleigde perskes is die meeste geniet.

Geestelike versorging het ook baie aandag geniet. Elke dag is met godsdiens begin en afgesluit. Moet ook nie dink dit was net altyd "speel" nie. Ons het baie lesings gekry. As daar enigiemand is wat enigiets wil weet oor Kommunisme, spoorsny, voëls, gesag en vryheid en nog vele ander onderwerpe, vra maar net vir een van ons wat by die veldskool te Schoemansdal was. Mens kan maar sê ons is 'n klomp reisende ensiklopedieë.

Verduaal is natuurlik iets wat slegs ondervinding jou kan leer, maar vra maar vir ons enigiets daarvan, ek glo nie daar is 'n aspek daarvan wat ons nie self daar uitgetoets het nie.

Om mee af te sluit, ek dink ons het almal iets by die Veldskool van Schoemansdal geleer en die leerlinge van die Hoërskool Hendrik Verwoerd, mnr. Gouws en mnr. Klopper wat saam met ons daar was, sal dit beaam. Dit was 'n onvergeetlike ondervinding wat mens altyd kan sal laat terugdink aan "die goeie ou dae".

Jannie van der Vyver.

VELDSKOOI TE AMSTERDAM — 1976

In 'n motreëntjie het die twee groot busse op Amsterdam aangekom en die standaard 8-meises van Hoërskool Eldoraïne en Hoërskool Hendrik Verwoerd in die middel van 'n oop stuk veld afgelaai. Daar het ons in die reën gestaan en wag vir iemand om ons te kom ontvang, maar daar het niks gebeur nie.

Tussen die akkerbome deur het ons die koshuise, skoolgeboue en saal van die Hoërskool Amsterdam gesien wat vandag as 'n veldskool gebruik word. Dit het aanhoudend saggies gereën en elkeen van ons het begin wonder waarom ons ooit gekom het. 'n Man, oom Frans, soos ons hom later genoem het, het uit die mis na ons toe gekom en op egte weermagstyl op ons begin skreue om in netjiese rye te staan. Ons is in groepe ingedeel en na ons kamers in die koshuise gestuur. Dit was nie lank of ons was tuis en toe het die pret, wat 'n mens maar net in 'n koshuis kan hê, begin.

Die doel van die kamp was om ons fisies en geestelik voor te berei vir die gevare wat ons land bedreig. Ons het lesings gehad oor vermomming en bekruipung, oorlewing in die veld, eetbare en giftige plante, noodhulp, kompaslees en kaartwerk. Daar is besprekings gehou oor kommunisme, rasseverhoudinge, besoeiding en oorbevolking. Aan al hierdie besprekings het die leerlinge aktief deelgeneem.

Ons het ook heelwat praktiese lesings gehad. Een middag het ons heen en weer oor die "rugbyveld" tussen die beesmis rondgekruip en spookloop,

katjekruip, bobbejaanloop en luiperdkruip geoefen. Groep ses van Eldoraïne het twee rekords, wat alle vorige seunsrekords oortref het, opgestel. Die een rekord is in bekruipung opgestel en die ander op die hindernisbaan.

Daar is rugsakke en waterbottels aan ons uitgereik en ons is die veld in gestuur om skuilings te bou. Die skuilings moes gekamofleer wees en ons kon dit slegs van materiaal uit die veld bou. Daardie nag het ons heerlik gesing en kampvuurkonsernt gehou om 'n groot vuur wat ons aangepak het. Dwaarsdeur die nag is daar wag gestaan en elkeen het 'n beurt gekry om die "gevaar" en koue te trotseer.

Die hoogtepunt van die veldskool was "Operasie Lantern". Elke groep het opdrag ontvang om die lantern, wat die vyand voorgestel het, op te spoor, te bekruip en uit te wis. Die "vyand" (onderwysers) was orals in die bosse versteek en het op ons "geskiet" sodra ons 'n lawaai gemaak het. Verskeie hindernisse is opgestel om ons terug te hou, maar ons het deurgebreek en met die lantern in sig het ons begin luiperdkruip. Twee uur later is ons tien tree van die lantern af "doodgeskiet".

Daar was 'n fantastiese onderlinge samewerking en gees tussen die onderwysers en leerlinge asook tussen die meisies van die verskillende skole. Hegte vriendskapsbande is gesluit en kontak is behou. Dit was 'n week van onvergeetlike onderwindings en ons het almal met meer insig en volvasenheid tuis gekom. Lyell van der Merwe.



Die pragtige omgewing by Amsterdam



Staptoegte in die randjies is onderneem.



Lafenis en pret in 'n helder bergstroom.







MNR. H. BOTHA
(VOORSITTER)



MNR. W. WEILBACH
(ONDER-VOORSITTER)



DS. W. SWART
(SEKRETARIS)



DS. L. VAN DER VYVER



MNR. A. VLOK



MNR. M. GROND




MNR. A. KITSHOFF

OUER-ONDERWYSERSVERENIGING:

Voor: Mnr. C. Muller, mev. D. Vermeulen, mnr. T. W. S. Thiele, mev. F. Grund, dr. P. S. Hattingh (voorsitter), mev. J. Nel (sekretaresse), mnr. R. G. Visagie (hoof), mev. L. Venter, mnr. W. van Rensburg.

Achter: Mnr. W. Scheepers, mnr. P. J. Kruger, mnr. C. H. Badenhorst, mev. M. Mardon, mnr. L. Strachan, mev. H. Rust, mnr. A. J. Steyn, mev. H. M. Jordaan, ds. W. Swart, P. J. H. Steyn, mnr. H. B. Klopper.



BEHEERRAAD

PERSONEEL


EN

LEERLINGE



Mnr. R.G. Visagie en mnr. L.J. Strachan

PERSONEEL



NATURWETENSAPPE:

MNR. C. JANSÖN (S.A. NATUUR- EN SKEI-
KUNDE)

MEV. G. BRUMMER (WETENSAP)

MNR. L.J. STRACHAN (VISE-HOOF)
(BIOLOGIE)

MNR. W. PIETERSE (BIOLOGIE)

GEESTESWETENSAPPE:

MNR. G. STANDER (AARDRYKSKUNDE)

MEV. I. SMITH (GESKIEDENIS)

MNR. G. HEUNIS (S.A. AARDRYKSKUNDE)

MNR. A. HAVENGA (GESKIEDENIS)



PRAKTIESE VAKKE:

MNR. M. DU TOIT (METAAL WERK)

MEV. L. VENTER (HUISVLYT)

MEV. E. ARNOLD (HUISVLYT)

MNR. M. SNYMAN (HOUTWERK)



REKENINGKUNDE EN TIK:

MEV. A. CELLIERS (TIK EN REKENINGKUNDE)

MEV. E. JORDAAN (REKENINGKUNDE)

MEV. Z. VAN DYK (TIK)





TALE:

Voor: Mev. N.L. Muller (S.A. Engels), mej. H.D. Booyesen (S.A. Afrikaans), mev. U.D. Venter (S.A. Duits).

Achter: Mev. E. Harmse (Afrikaans en Sotho), mev. A.D. Coetsee (Afrikaans), mnr. G.J. Coetzer (Engels), mev. C. Coetsee (Engels), mnr. H.B. Klopper (Engels).

WISKUNDE:

MEJ. S. ZIETSMAN

MEV. E. MALAN (S.A.)

MEV. R. LE ROUX



MUSIEK:

MEV. L. VAN DER MERWE (KLASMUSIEK)
MEV. H. ACKERMANN (INSTRUMENTALE
MUSIEK)



**WEERBAARHEID EN GODSDIENSONDER-
RIG:**

MNR. G. GOUWS (S.A. WEERBAARHEID)
MEV. D. HENNING (BIBLIOTEEK EN GODS-
DIENS)
MNR. F. VORSTER (GODSDIENS EN AFRI-
KAANS)





LIGGAAMLIKE OPVOEDING:

MNR. B. STEYN

MEV. J. GERBER

ADMINISTRATIEWE PERSONEEL:

MNR. N. POTGIETER (TERREIN)


MEV. C. WEILBACH (KANTOOR)

MEV. J. NEL (KANTOOR)


MEV. E. IMMELMAN (KANTOOR)




LEERLINGE




Voor: M. Muller, mnr. R.G. Visagie, J. du Toit, F. van der Walt, mnr. G.T. Stander, P. Botes.
 2e ry: B. Katze, M. Kleinbans, M. Jacobs, L. Baartman, L. Kritzinger, G. Swanepoel, M. Basson.
 3e ry: A. van Deventer, C. van Smaalen, P. Wilbers, L. Rust, W. Grond, L. Carrack, C. van Smaalen.
 Agter: M. Mynhardt, A. Wasserman, L. Porteous, A. Louw, K. van Niekerk.



Voor: K. Vorster, mnr. R.G. Visagie, S. de Beer, J. Fourie, mev. L. Venter, E. Goosen.
 2de Ry: L. Brink, N. Dekker, H. van Wyk, B. Marx, E. van Staden, M. van Niekerk, E. Weilbach, P. Verleye, K. Botha.
 3de Ry: A. de la Porté, R. Behntel, I. Schutte, K. Eggers, H. Grobler, C. Viljoen, L. Rabie.
 Agter: C. Nieuwoudt, L. Stolz, N. Botha, F. Möller, P. Pretorius, G. Richter, H. Badenhorst, R. Kruger.



Voor: G. le Roux, mnr. R. G. Visagie, L. Keyser, L. Smuts, mnr. J. Havenga, A. Gouws.
 2de ry: A. Brink, M. Nel, M. van Dyk, I. Heystek, A. Koen, T. van Heerden, D. Strauss, T. van der Merwe.
 3de ry: D. de Graeve, R. Barnard, R. Jardine, C. Weideman, L. Vermeulen, E. Labuschagne, C. Bester.
 Agter: L. Scheepers, D. Boshoff, G. Delport, T. Loubser, A. van der Walt.




9/1

Voor: J. Botes, V. Harmse, M. Paul, A. van Rensburg, N. Goosen, S. Jansen, C. Smit.
 2de ry: R. van Heerden, R. le Grange, K. Ainslie, M. Lubbe, E. Marais, C. Louw, L.J. van Rensburg, H. Beens, B. Pistorius.
 3de ry: E. Jordaan, F. Anderson, M. Krige, E. Lass, D. de Beer, C. Müller, F. Heystek.
 Agter: R. O'Neill, N. Basson, T. Knox, J. Lewis, H. Botes.


9/2

Voor: R. Grond, C. Dreyer, H. Pretorius, mev. I. Smith, C. Grové, L. van der Merwe, A. Gerber.
 2de ry: J. Fopma, J. le Roux, W. Barkhuysen, M. Barnardt, A. Hogewind, R. Barnard, A. Breytenbach.
 3de ry: G. du Plessis, J. de Beer, C. van der Merwe, J. van der Vyver, D. Marais, D. Terblanché, C. van Schalkwyk, B. Teesen, K. Theron.
 Agter: C. van Zyl, I. Viljoen, D. Tulleken, L. Gouws, C. Engelbrecht, W. Strydom, B. Montgomery, A. de Leeuw, D. van der Merwe.



9/3


Voor: B. Steinbrinck, J. Nel, A. Botha, mnr. W.P. Pieterse, L. Koekemoer, W. Feenstra, T. Germaat.
2de ry: I. van Niekerk, E. Swart, M. van Zyl, M. de Bruin, L. Katze, H. Venter, E. Bothma, M. Coetzer.
3de ry: M. Faul, L. Botha, M. Crumpton, E. Rossouw, E. Schutte, J. Fourie, C. Barnard, L.J. van Rensburg, H. du Plessis, R. Vorster.
Agter: P. Schmidt, A. Friebus, J. de Goede, P. Jansen, H. du Preez, S. Kruger, D. Nel, J. Liebenberg, F. Scheepers.



9/4

Heelvoor: A. Stoltz.
Voor: I. van Dyk, W. Nortje, L. de Lange, mnr. M.W. du Toit, J. Muller, H. Lategan, M. Gouws.
Agter: M. Worst, G. van Zyl, M. Swiegeelaar, W. Worst, P. Pitzer.






8/1


Voor: R. Venter, E. Vermeulen, A. Viljoen, mev.
B. le Roux, G. Lindeque, H. Maree, L. Schoeman.
2e ry: E. Wasserman, M. Eloff, M. Prins, C. van der
Merwe, M. Janse van Rensburg, E. Smith, S.
Boonzaaier, M. de Leeuw.
3de ry: B. van Jaarsveld, A. van Vuuren, A. Cloete,
R. Scheepers, A. Reinecke, H. van der Walt, F.
Weilbach, T. Nel.
Agter: B. Behrtel, E. Neitz, C. van Aardt, C. van
Rooyen, B. Haupt, K. Lester, P. Mardon.

8/2


Voor: R. Steyn, L. de Beer, G. Venter, mev. C.
Coetzee, N. van Loggerenberg, J. Erasmus, E.
Grobler.
2de ry: A. Szikra, M. Nel, I. Paul, Z. Erasmus, J.
van der Merwe, E. van Rensburg, M. Malan, M.
Volschenk, M. Esterhuizen, R. de Beer.
2e ry: P. Delpont, W. Nel, A. du Plessis, H. Ellis,
J. Rossouw, J. Smith, G. Zondagh.
Agter: J. de Beer, L. Roux, M. Cloete, A. Ver-
meulen, D. Valvekens.




Voor: A. Combrinck, C. Nieuwoudt, A. Schultz, mev. E. Harmse, F. Koen, L. Marx, M. Pretorius.
 2e ry: P. Jordaan, A. Snyman, E. Swanepoel, A. Warricker, E. Bence, E. Terblanche, E. Dekker, S. Botha.
 3e ry: D. Binneman, M. Botha, C. van Rooyen, D. Jansen van Vuuren, A. de Jongh, J. Bezuidenhout, W. Vorster, C. Botha.
 Agter: G. Scheepers, C. Rencken, J. Pienaar, A. Jonas, C. Liebenberg, P. de la Porte, A. de Villiers.




Voor: R. Muller, D. Swemmer, Z. Redelinghuys, mnr. G. Coetzer, H. Brink, C. Liebenberg, C. Snyman.
 2de ry: E. Jordaan, K. Celliers, H. van der Walt, M. Sheperd, H. Esterhuizen, D. Strydom, P. Botha, R. van Staden, C. Rossouw, W. van Nieuwenhuizen, E. Jacobs.
 3de ry: E. Venter, I. Koorsen, A. Geldenhuys, C. Marais, M. Kruis, J. van Dykhorst, S. Cooper, A. Botha, M. Strydom.
 Agter: A. de Villiers, M. Botha, M. van Staden, M. van Zyl, A. Pretorius, G. Janse van Rensburg, E. Hanekom, K. Bezuidenhout, A. Beeslaar.




Voor: A. Combrinck, C. Nieuwoudt, A. Schultz, mev. E. Harmse, F. Koen, L. Marx, M. Pretorius.
 2e ry: P. Jordaan, A. Snyman, E. Swanepoel, A. Warricker, E. Bence, E. Terblanche, E. Dekker, S. Botha.
 3e ry: D. Binneman, M. Botha, C. van Rooyen, D. Jansen van Vuuren, A. de Jongh, J. Bezuidenhout, W. Vorster, C. Botha.
 Agter: G. Scheepers, C. Rencken, J. Pienaar, A. Jonas, C. Liebenberg, P. de la Porte, A. de Villiers.



Voor: R. Muller, D. Swemmer, Z. Redelinghuys, mnr. G. Coetzer, H. Brink, C. Liebenberg, C. Snyman.
 2de ry: E. Jordaan, K. Celliers, H. van der Walt, M. Sheperd, H. Esterhuizen, D. Strydom, P. Botha, R. van Staden, C. Rossouw, W. van Nieuwenhuizen, E. Jacobs.
 3de ry: E. Venter, I. Koorsen, A. Geldenhuys, C. Marais, M. Kruis, J. van Dykhorst, S. Cooper, A. Botha, M. Strydom.
 Agter: A. de Villiers, M. Botha, M. van Staden, M. van Zyl, A. Pretorius, G. Janse van Rensburg, E. Hanekom, K. Bezuidenhout, A. Beeslaar.






8/5

Voor: J. Henning, S. van Rensburg, A. van Niekerk, mev. D. Henning, W. Wilbers, M. Botha, E. Lourens.
Middel: F. Badenhorst, A. Buys, L. Barnard, I. Crumpton, G. Erasmus, F. Harris.
Agter: R. Porteous, A. Smith, J. Borman.


7/1

Voor: R. Helmers, A. Stander, R. van Rooyen, mev. J. Gerber, J. Beens, E. van den Heever.
2e ry: S. Enslin, S. Jackson, S. van der Walt, M. Smal, E. Bezuidenhout, T. Botha, C. Fourie, C. Conradie, J. Schnehage.
3e ry: J. Koff, H. de Goede, H. Huyser, L. de Lange, E. Smith, N. Stapelberg, V. Montgomery.
Agter: A. Loubser, J. Smith, C. Stoltz, A. Katzke, T. Sherman, H. Liebenberg.




7/2


Voor: D. Breytenbach, M. v.d. Merwe, A. de Beer,
Mev. I. Brummer, A. Yzel, C. Steyn, D. Maartens.
2de ry: E. Strydom, M. van der Mescht, R.
Fourie, M. Prins, L. Els, E. Schrader, S. Moffat, F.
Redelinghuys, A. de Kock.
3de ry: A. Fourie, A. Vermeulen, J. Fourie, D.
Fourie, E. Horn, S. Groenewald, D. Botha, G.
Groenewald.
Achter: J. Liebenberg, J. Erasmus, A. Rompel.
Heel voor: J. Klopper.



7/3

Voor: L. de Vries, E. Brink.
1e ry: S. van Niekerk, S. du Toit, T. Audie, mev.
Jordaan, J. Barnard, A. Greeff, C. McClughan.
2e ry: L. Smith, H. Buys, T. Pitzer, P. van der
Merwe, R. Mentz, I. van der Merwe, C. Botha,
R. le Grange, S. Jacobs, N. Fourie.
3e ry: P. Meyer, F. Janse van Vuuren, L. Grové,
A. Roux, R. du Plessis, L. Sauer, K. Botha, A. du
Toit.
Achter: A. Els, M. Pistorius, G. Duvenhage, A. Jou-
bert, W. Greeff, S. Tait, N. Pieterse.






7/4

Voor: I. van Zanden, F. van Rooyen, C. Joubert, mnr. B.J.M. Steyn, D. Gouws, E. van den Vende, A. Joubert.
 2e ry: N. Venter, C. Voight, L. de Jager, S. Nel, L. Viljoen, M. Matthee, M. Hatingh, J. de Wet, L. Mans, R. van Heerden.
 3de ry: V. Raath, J. Coetzee, H. Wernich, B. Botes, C. de Leeuw, C. Jarrard, C. Edwards.
 Agter: J. Vorster, L. de la Porté, C. Lewis, P. v.d. Merwe, T. du Toit, C. Amdur, M. Fopma, J. Gough, M. Venter.


7/5

Voor: M. Oosthuizen, M. Ludeke, L. van Rensburg, mev. A. Celliers, S. Richter, D. Senekal, R. Joubert.
 2e ry: C. Roberts, T. Storm, L. Groenewald, S. du Toit, C. Klaasen, A. Venter, C. van der Watt, M. Gates, M. de Lange.
 3e ry: F. Weideman, G. Harris, M. Kilian, H. Steyn, J. Prinsloo, K. Weich, N. Henning.
 Agter: N. Amdur, D. Fourie, L. Thiele, A. Bence, S. van der Walt, D. van der Walt, J. Botha.




6/1

Voor: L. Baben, L. Mynhardt, M. Theron, mej. S. Zietsman, L. Booyens, V. Matthee, B. Theunissen.
 2e ry: J. van Niekerk, M. Buskus, L. van Niekerk, E. Harmse, A. Venter, V. Els, R. van Blerk, F. van Niekerk, J. Vorster.
 3e ry: A. Tait, J. Janse van Rensburg, J. van der Craght, I. Enslin, S. Venter, U. Scheepers, A. Szikra, J. Steenberg, A. Eloff.
 Agter: J. Barnard, W. Harms, E. Grond, P. Sherman, J. Botes, K. Herbst, C. Koen, H. van Zyl, M. Maidment.
 Afwesig: L. Janse van Rensburg, M. Montgomery.



6/2

Voor: M. Oosthuizen
 1e ry: S. Esterhuizen, M. du Plessis, J. Stone, mnr M.P. Snyman, P. de Beer, S. Greyling, S. Redelinghuys
 2e ry: V. Botha, M. de Vries, M. Conroy, L. Zondag, T. Henderson, L. Venter, E. Oosthuizen, L. Cloete, A. Nel
 3e ry: J. Pretorius, N. Noëth, R. Erasmus, A. Burger, D. Jansen van Rensburg, P. Joubert, A. Badenhorst, G. Viljoen, J. Heystek, J. Bezuidenhout
 4e ry: B. Pretorius, P. du Plessis, J. Wepener, I. Jordaan, F. Botha, J. Bosman, A. de Bruin, J. van Logerenberg






6/3

Voor: I. le Roux, H. Repsold, E. Maree, mev. E. Arnold, J. van Dyk, J. Bezuidenhout, E. van Zyl.
 2e ry: A. Botha, S. Daffue, S. Schoeman, W. Audie, I. Niezen, K. Engelbrecht, M. Stander, E. Kok
 3e ry: D. van der Walt, A. Mostert, B. Griffiths, D. Lichtenstein, O. Cathro, E. van der Merwe, L. Koen, L. van Dykhorst, J. Hay.
 Agter: W. Pienaar, R. van Rooyen, B. Jacobs, J. Delaport, L. Herps, D. Raath, G. du Toit, D. Nieuwenhuizen, D. Lourens.


6/4

Voor: S. Nell, L. Weilbach, M. Feenstra, mnr. F. Vorster, F. Schalkwyk, H. Botes, E. Barnard.
 2e ry: L. Seymour, M. Murphy, E. Tonkin, H. Viljoen, Z. Stegmann, K. van der Merwe, K. Pretorius, C. Cooks, I. Vermeulen, K. Swanepoel.
 3e ry: W. Snyders, R. Ellis, H. Nel, A. Prinsloo, N. Smuts, A. Verheem, H. McLeod, E. Huyser, D. Barnard
 Agter: J. du Plessis, G. van Rensburg, A. Foord, K. Trollip, C. van Aardt, J. Goosen, B. Lategan, J. van Niekerk.
 Atwesig: J. Conradie, I. Steyn.



6/5

Voor: H. Erasmus, H. du Plessis, C. Botha, mev. L. Möller, N. Vlok, A. Schwartz, A. Lewis.
 2e ry: R. Basson, M. Naude, C. Wasserman, H. le Roux, S. Bothma, L. van der Spuy, M. Botha, S. Jarrard, D. Crafford, D. Potgieter.
 3e ry: H. Mynhardt, J. Nel, C. Venter, L. Barkhuysen, R. Murray, R. Liebenberg, G. van Jaarsveld, L. Schuurman.
 Agter: G. Smal, A. van Niekerk, C. Grobbelaar, N. Bezuidenhout, H. Kruger, C. Nel, G. van Driel, P. Beyers.



6/6

Voor: E. Kahts, A. Robbetze, L. Schwan, mev. Z. van Dyk, A. de Wet, R. Bothma, M. du Toit.
 Agter: M. Booysen, C. du Toit, K. Schempers, B. Kruger, E. Fourie.



Met die aanvang van ons diens-termy n aan die begin van 1976, het die pad vorentoe vir ons maar bra duister en moeilik gelyk. Duis-ter en moeilik in die sin dat ons geen voorgangers gehad het in wie se voetspore ons kon volg nie. Gouer as wat ons dit egter besef het, staan ons aan die einde van 'n twee jaar dienstermy n, maar, ook aan die einde van ons skoolloopbaan.

Met baie herinneringe kan ons nou terugkyk op ons dienstryd as leiers van ons skool. Vir ons was dit 'n unieke voorreg om as heel eerste leiers van hierdie skool te kon optree. Ons het baie hoë ideale vir onself en vir ons skool gekoester en in welke mate ons hierin geslaag het, is nie vir ons beskore om oor te besluit nie. Ons



H. Badenhorst (hoofseun), L. Baartman (hoofmeisiel), mnr. R. G. Visagie (hoof), A. van der Walt (onder-hoofmeisiel), G. Richter (onder-hoofseun).

HOOFPREFEKT

BOODSKAP VAN DIE HOOFSEUN EN HOOFDOGTER

kan die skool wel verlaat met die wonderlike gedagte dat wat ons verrig het, as fondament sal kan dien vir die wat ons sal opvolg.

Aan al ons maats — baie dankie vir julle samewerking en ondersteuning van die afgelope jare. In hierdie wordingsjare van ons skool het ons as klein groepie leerlinge gehag geraak aan mekaar en is hier hegte vriendskapsbande gesmee, met die gevolg dat ons

baie moeilik gaan afskeid neem.

Vir ons was dit ook in die besonder 'n baie aangename voorreg om met so 'n leerlingraad te kon saamwerk. Maats, aan julle ook 'n groot dankie vir dit wat julle gedoen het. 'n Besondere woord van dank aan ons leerlingraads-voog, mnr. Strachan, en ook aan ons hoof vir die voorreg wat hulle ons gebied het om as leerlingraad as 'n outonome liggaam te kan

funksioneer. Vir u opbouende kritiek en ondersteuning, ons hartlike dank.

Vir die leerlingraad van 1978 — sterkte vir die jaar wat voorlê. Ons glo dat julle die volgende blink steentjie sal lê in die opbou van ons skool.

Vir ons wat nou uittree en aanstands sal vertrek, was dit 'n eer om 'n leier by die Hoërskool Eldoraigne te kon wees. Die leuse van ons skool is in ons harte gegraveer en vir ons sal dit 'n voorreg bly om te weet dat ons daar hoort en sal ons met trots, in die toekoms wat voorlê ons roeping kan vervul.


Heinrich en Lizette.

DIE LEERLINGRAAD



Voor: G. Richter, mnr. R.G. Visagie, L. Baartman, H. Badenhorst, mnr. L. Strachan, A. van der Walt.
Middel: I. Schutte, L. Scheepers, M. Barnard, R. Barnard, L. Rabie, B. Katze, M. Nel, E. Weibach, D. Strauss.
Agter: K. van Niekerk, C. Nieuwoudt, N. Botha, D. Boshoff, F. Möller, C. Viljoen, W. Strydom, C. Engelbrecht, P. Wilbers.

KLASLEIERS



St. 9 en 10

Voor: L. Keyser, M. Muller, F. van der Walt, E. Goosen, S. de Beer, A. Gouws.


2e ry: G. le Roux, P. Botes, J. Fourie, J. du Toit, K. Vorster, L. Smuts

3e ry: M. Paul, L. van der Merwe, H. Pretorius, L. de Lange, A. Botha, H. Lategan, W. Feenstra, N. Goosen.

Achter: C. Grové, J. Nel, C. Dreyer, L. Koekemoer, H. Muller, A. van Rensburg, R. Nortjé, V. Harmse.


St. 7 en 8

Voor: H. Maree, A. Viljoen, G. Venter, C. Nieuwoudt, C. Liebenberg, A. van Niekerk, Z. Redelinghuis, A. Schultz.
 2de ry: H. Brink, L. de Beer, D. Swemmer, S. van Rensburg, M. Botha, N. van Loggerenberg, K. Lester, W. Wilbers, G. Lindeque, J. Erasmus, F. Koen.
 3de ry: C.C. Joubert, K. de Beer, S. du Toit, L. Viljoen, R. van Rooyen, I. van der Merwe, L. van der Merwe, T. Audie, S. van der Walt, A. de Kock.
 Agter: V. Montgomery, J. Barnard, S. Richter, D. Gouws, A. Yzel, J. Beens, G. Duvenhage, H. Steyn, B. Groenewald, B. Botes.



St. 6 en 7

Voor: C. Botha, P. Joubert, H. Bezuidenhout, E. Maree, M. Feenstra, H. Botes.
 2de ry: L. Booyens, N. Vlok, J. Stone, A. Schwartz, W. Harms, M. Theron, J. van Niekerk, P. Schalkwyk, A. de Bruyn.
 Agter: P. de Beer, H. Repsold, K. van Dyk, H. du Plessis, L. Weilbach.



A.C.S.V.-BESTUUR



Voor: L. Baartman (onder-voorsitter), mnr. G. Gouws, H. Badenhorst (voorsitter).
Agter: D. Boshoff, L. Scheepers, C. Viljoen.

Die A.C.S.V. het twee jaar gelede ontstaan nadat 'n groepie leerlinge gevra het vir die stigting van 'n Christelike organisasie.

Die eerste bestaansjaar is begin met 'n ledetal van 30. Hierdie syfer het sedertdien verdubbel en dit groei nog steeds. Dié organisasie se werksaamhede het werklik eers gedurende hierdie jaar wasdom

bereik. Die bestuur, onder voorsitterskap van Heinrich Badenhorst, het reuse werk verrig. Buiten die kringe wat uitgebrei is tot 12 is die eerste kamp ook in Junie by Die Hoekie gehou — 'n onvergeetlike gebeurtenis!

Verskillende projekte is aangepak waaronder die speletjiesaanleë en die koerantinsameling seker die

aangenaamste was. Ou koerante en tydskrifte is by huise afgehaal en verkoop as afvalpapier.

Die A.C.S.V. is nog in 'n beginstadium en in geloof word gehoop dat die organisasie sal groei tot eer van God. Dankie aan die uitredende bestuur en sterkte aan die bestuur vir volgende jaar onder voorsitterskap van Hennie Botes. Gods rykste seën.

